OKTOBER NUUSBRIEF

09 / 2017

Volg ons asb!

SOUTH AFRICAN DIAMOND PRODUCERS ORGANISATION
SUID AFRIKAANSE DIAMANTPRODUSENTEORGANISASIE

SADPO LIDMAATSKAP

Met die organiseer van die "Legal Liability" kursusse, het dit onder ons aandag gekom dat daar `n effense verwarring is oor die SADPO lidmaatskap. Ons wil dit graag uit die weg ruim. U 0.15% wat by die bemarkingsentiteite afgetrek word van u maandelikse produksie (of u kan dit direk aan ons oorbetaal), is u maandelikse bydrae om lid van die organisasie te wees.

SADPO kon nooit in die verlede sy lede identifiseer nie en is ons Grondwet tydens die 2016 Algemene Jaarvergadering gewysig om voorsiening te maak vir `n lede register. Dit behels die voltooiing van `n lidmaatskapvorm en die betaling van `n R100.00 administrasiefooi. Dan word u inligting op ons register aangeteken, u ontvang `n unieke lidmaatskapnommer, asook `n lidmaatskapsertifikaat. U kry ook toegang tot die Forum op ons webwerf. Indien jy nie op die lederegister verskyn nie, sal jy ook nie toegang tot daardie forum hê nie.

Ons wil graag beklemtoon dat u inligting hoogs vertroulik hanteer word en sal dit nooit met derde partye gedeel word nie. Hierdie lederegister laat ons toe om direkte kontak met ons lede te hê. Ons wil graag hê u moet weet waarmee SADPO besig is.

Ons Grondwet maak ook voorsiening vir gewone lede – dit is mense wat nie noodwendig 'n finansiële belang het in die mynbedrywighede nie, maar tog belang stel en 'n behoefte het om ons gesamentlike poging om die belange van die klein diamantmyne te bevorder, te ondersteun. Hierdie kategorie lede betaal slegs R100.00 per jaar om lid van SADPO te wees!.

SADPO is nou in die vermoë om te monitor watter lede hul 0,15% betaal sonder dat ons weet wat die waarde van elke individuele lid se bydrae is.

2017 ALGEMENE JAARVERGADERING

Punt 5.2 op bladsy 5 van ons Grondwet lui as volg:

"Ten minste dertig (30) dae kennis van enige voorgenome algemene jaarvergadering en / of spesiale jaarvergadering moet aan alle lede gegee word, hetsy by wyse van e-pos en / of SMS en / of publikasie op SADPO se amptelike webtuiste."

Gesien in die lig van bogenoemde stel ons u graag in kennis van ons Algemene Jaarvergadering wat in ons 2 streke sal plaasvind:

7 November 2017 om 09:00
Wolmaransstad
Dalrene Lodge
Vredestraat 29
&
8 November 2017 om 09:00

BOODSKAP VANAF DIE SEKRETARIS

Ek is nou 2 jaar deel van SADPO en ek wil graag met julle deel wat ek in hierdie tyd geleer het. Daar is so `n groot wanpersepsie oor die delwers – oneerlik, skat ryk, eenvoudig. Ek het die laaste 2 jaar soveel wonderlike mense ontmoet. Goeie mense, mense wat die regte ding wil doen. Mense wat sukkel, maar ten spyte van dit staan hulle elke oggend op en veg die geveg. Ek is trots op julle. Julle gee nie op nie.

Ons sien julle sukkel, daar is soveel wat SADPO voel nie op ons lede van toepassing behoort te wees nie. Maar kan ek vir julle sê – SADPO

Kimberley
Horse Shoe Inn
Memorialweg

Die vergadering is oop vir alle lede, asook voornemende lede. Ons gaan tydens die vergadering gesels oor SADPO se finansies, asook waarmee ons op die oomblik besig is en ons planne vir die toekoms. Kom luister gerus wat SADPO vir jou beteken!

Vir meer inligting, kontak asseblief die Sekretaris.

sukkel ook……sonder inligting, statistieke en inkomste is ons hande as 'n organisasie afgekap. **Ek vra julle groot asseblief – help ons om julle te help!!**

Mooi bly, *Lynette*.

VAN LINKS: Mark Hunt, Leona Meyer (NDM), Lukas Steyn (NW), Pieter Keeve (Tesourier), Edith van Wyk (NW), Gert van Niekerk (Voorsitter), Willie Marx (NW), Johan Keyser (NK), Lyndon de Meillon (NK), Willie Oosthuizen, Rick Hattingh (NW)

Afwesig: Jaap van Heerden, Amos Davids, Anton Jacobs, Ben van der Pos, CS Diamonds, Glen Urquhart, John Bristow.

NUWE NASIONALE KOMITEE LEDE

Ons wil graag welkom sê aan Edith van Wyk wat verkies is as delwerslid tot die Nasionale Komitee – sy sal dien in Jannie Lombard se plek & ook op die Sub-Komitee vir Mynveiligheid. Ons sien uit dat sy al haar kennis met ons deel.

Ons wil verder vir Dr John Bristow, PhD, as konsultant, welkom sê by die Nasionale Komitee. Ons is baie opgewonde om so 'n gesiene persoon deel van ons span te maak en kan nie wag om te sien hoe sy bydrae ons lede gaan bevoordeel nie.

SADPO & sy lede wens hulle die beste toe vir die toekoms!

TENDER DATUMS

Hiermee die volgende 2 maande se tender datums vir u gerief:

23 – 26 Oktober
27 – 30 November (laaste tender vir 2017!)

WEBTUISTE PROBLEEM

Dit het onder ons aandag gekom dat indien jy vir ons 'n e-pos op die webblad gestuur het, het dit nie by ons uitgekom nie. Hierdie probleem is nou reggestel en hoor ons graag van julle!! U is ook welkom om vir die Sekretaris direk 'n epos te stuur by info@sadpo.co.za.

ONS WIL VAN JOU HOOR

Jy kan met ons kontak maak deur ons webwerf & deur die Forum op die webwerf (eksklusief vir SADPO-lede), per epos, of op ons LinkedIn profiel. Jy is ook welkom om die Dagbestuur te skakel. **GESELS MET ONS!**

BAIE BAIE DANKIE!

Die Dagbestuur wil graag enkele van ons lede (hulle weet wie hulle is) bedank. Dit is mense wat nie op ons Komitee dien nie, maar wanneer ons op hul knoppie druk, is hulle altyd bereid om te help. Hulle verstaan dat ons almal moet hande vat in die geveg. Ons waardeer julle hulp, op verskeie aspekte, regtig baie!!

NASIONALE KOMITEELEDE: Gert van Niekerk (Voorsitter), Jaap van Heerden (Onder-Voorsitter), Pieter Keeve (Tesourier), Amos Davids, Lyndon de Meillon, Rick Hattingh, Anton Jacobs, Johan Keyser, Willie Marx, Lukas Steyn, Ben van der Pos, Edith van Wyk
TENDERHUISE: CS Diamonds, NDM

SUB-KOMITEE VIR OMGEWINGSAKE: Gert van Niekerk (Voorsitter), Wadala Mining & Consulting (EDMS) BPK
SUB-KOMITEE VIR ARBEIDSAKE: Gert van Niekerk (Voorsitter), Glen Urquhart
SUB-KOMITEE VIR MYNVEILIGHEID: Gert van Niekerk (Voorsitter), Anton Jacobs (Noord Wes), Edith van Wyk (Noord Wes), Johan Keyser (Noord Kaap), Mark Hunt (Noord Kaap)
KONSULTANT: Dr John Bristow, PhD.

Webtuiste: http://sadpo.co.za/
Lynette Kruger (Sekretaris) 071 8899 850
E-pos adres: info@sadpo.co.za Faks no: 086 663 5737

Get on your knees and pray, then get on your feet and work.

– Gordon B Hinckley